

15 November

Skrifgedeelte: Kolossense 2:16-23  
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

### **Kenmerke van die ware kerk – erken Christus as enigste Hoof**

In *Die Republiek* gebruik die filosoof Plato die beeld van mense wat van geboorte af in 'n grot vasgemaak sit. Hulle sit lewenslank met hulle rûe na die bek van die grot toe en kan net vorentoe kyk. Al wat hulle ooit sien is die skaduwees van voorwerpe wat by die bek van die grot verbybeweeg. Vir almal wat so gevange gehou word is skaduwees die enigste werklikheid. Iemand wat aan hierdie gevangenes die waarheid oor skaduwees en 'n ander ware werklikheid wil gaan vertel sal moeilik geglo word en sal waarskynlik weerstand en vyandskap beleef.

Paulus vind aansluiting by hierdie beeld as hy mensgemaakte godsdiensvoorskrifte “skaduwees” en Christus “die werklikheid” noem (vers 17). Hy roep die gelowiges van Kolosse op om duidelik tussen hierdie twee te onderskei. Hulle het hulle so besig gehou met “raak nie, smaak nie en roer nie aan nie” dat hulle van Christus vergeet het (vers 20-21). Hierdie streng reëls het wel baie slim, vroom en nederig gelyk, maar het NIKS bygedra tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus nie (vers 23).

Die ware kerk wil aan die enigste Hoof, Christus, vashou (vers 19). Dit beteken OMDRAAI, weg van beheptheid met tradisie en voorskrifte. Christus het vir wettiese godsdiensreëls gesterwe (vers 20). Vanuit 'n intiem persoonlike lewe met Christus, en in die lig van sý Woord, wil die ware kerk sy geestelike lewe dus steeds “ontmitologiseer” (vry maak van mites). Dit wil steeds uit die koue skaduwees van mensgemaakte godsdiensvoorskrifte beweeg en al meer in die volle son, die volle werklikheid van Christus se hoofskap, bestaan.

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*